# VILLA BULLETIN

***Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -44/2024 –April 2024***

*Die volgende berig ontvang van Marie Dunstan. Wat 'n pragtige kompliment vir ons oord en ons voedselverskaffer.*

'n Klompie jare gelede het n groepie dames besluit om eenkeer per maand bymekaar te kom, net om lekker te kuier, gesels en natuurlik laaste maar nie die minste om lekker te eet! Tans bestaan ons groepie uit 8 persone:



7 dames en 1 man. Ja glo dit of te nie, hy skakel heerlik in tussen ons dames (ek dink hy geniet dit). Vyf uit die 7 dames behoort aan die VLU (gewoonlik vooraanstaande, kunstige mense)

Elkeen van ons kry elke maand 'n beurt om die plek en etes te reël. Hierdie maand val dit toe op my en, voordat ek kon sê: "Wat van ONS plek, sê een van die dames:
"Wat van BougainVilla se Restaurant?" (sy het toe voorheen met een van ons groepie wat hier inwoon, gaan eet).

Ek  het dit toe met Susan Gerber van die Oord bespreek. Sy het uit haar pad gegaan om die tafels PRAGTIG en vol kleur met blomme en veelkleurige tafeldoeke buite op die dek gedoen. Omdat ons al 10uur begin het, was dit heerlik buite, slegs n koel windjie het gewaai.

Almal was SO VERBAAS toe die twee dames die kosse voor ons neergesit het. Hulle kon nie glo dat so 'n plekkie sulke smaaklike etes kon voorsit nie, en kon nie uitgepraat raak oor die vriendelike en flinke diens van die 2 kelners nie.

Hier volg die opmerkings v/d groepie:

**LOUISE MEIRING:**
Baie lekker kos, 'n uitstaande eetplek.
**SUZIRE GERYTS:**
Ek is 'n besoeker en was werklik verras veral oor die restaurant se ligging (vars buitelug), asook oor die rustigheid onder die bome, tafels keurig gedek, personeel vriendelik en flink. Kos heerlik, ek sal die plekkie enige tyd aanbeveel.
**MARIE VD MERWE:**
Ek is 'n inwoner en nooi graag my vriende om hier te kom eet. Die kos is altyd vars en heerlik en diens uitstekend
**CONNIE ELLINGTON:**
Goeie geselskap, goeie kos, heerlike oggend.
**HENTIE LIZAMORE:**
Flinke en deeglike bediening, etes smaaklik en het heerlik gekuier onder afdak/bome.
**ELSA GAGIANO:**
ABSOLUUT 5 ster! Venue, kos, diens, alles.  Sal definitief weer kom.
**MARIE DUNSTAN:** Jul kan nie glo hoe trots was ek, met al die komplimente, en dit in "ons" Plekkie, veral aangesien EK die dag se "gasvrou" was. Ek dink dis die meeste komplimente wat ons groepie nog "rondgegooi" het tussen al die baie plekke waar ons al gaan eet het!

## KENNISGEWINGS

Daar is al meer kennisgewings wat met gom teen mure vasgeplak word. Daarna word dit verwyder maar die wit oorblyfsels van die gom of silikon bly agter. Dit sal nie verder geduld word nie. Sien foto's hierby. Dit lyk regtig aaklig.





Daar sal raampies groot genoeg vir A4 grootte kennisgewings aangebring word. Dit sal die enigste plekke wees waar kennisgewings vir markte, etes, funksies, kunstenaars in die toekoms aangebring sal kan word.

## KOMBUISDIENSTE 1STE OPSIE

Vir Alle funksies wat aangebied word in die oord, sal ons kombuis kontrakteur die eerste opsie hê vir die spysenering. Vir u eie privaat funksies kan u altyd u eie kos voorsien. Buite kontrakteurs sal egter slegs toegelaat word indien ons kombuis (Feedem) sy opsie nie wil uitoefen nie. Kry u reëlings vroegtydig agtermekaar.

## BYDRAES TOT FACEBOOK & BULLETIN

Almal word aangemoedig om mooi foto's, videos van gebeurtenisse, trouherdenkings, verjaarsdae, tuine, bome, blomme, funksies ens. te stuur vir plasing op ons FB blad. Een van die onlangse videos wat ingestuur was deur Ina Egen is reeds 1000 maal bekyk wêreldwyd. (uitstekende video)

## GEISERS

Die geisers behoort jaarliks gediens te word. Dis om te verseker dat assuransie uitbetaal met minste van probleme. Bybetaling vir vervanging is R2,000.00

## KARAVAANSTAANPLEKKE

Vir 'n lang tyd was daar 'n waglys vir karavaanstaanplekke. Dit het verander. Daar is nou enkele plekke beskikbaar vir onmiddellike verhuring.

## TUINDIENSTE

Die aanvraag, (dis mos gratis) lyk of 'n addisionele werker in diens geneem sal moet word deur ons tuindienste. Ons hou die situasie dop. Wees geduldig asseblief.

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons Dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidsalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudie, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!***